DAG 21

Die krag van gehoorsaamheid

Lees Filippense 2: 5-16.

… gehoorsaamheid is beter as offerande (1 Sam. 15:22).

Jesus kon besluit het om ander keuses te maak sodat Hy die kruis kon vermy. Dit was egter sy aktiewe besluit van gehoorsaamheid, want Hy het geweet dat dit die Vader se besluit vir sy lewe was. Sy daad van gehoorsaamheid bring vandag nog redding en verlossing vir ons sondaarlewens.

Gehoorsaamheid is die sleutel tot die oorvloedige lewe van die gelowige. Vir die gehoorsame mens kom daar groot seën en magtige deurbrake. As ons na Israel kyk, sien ons dat gehoorsaamheid ook vir hulle deurslaggewend was in die ontvang van die beloofde land.

Gehoorsaamheid is nie altyd maklik nie. Dink maar aan Abraham toe hy sy lieflingseun moes gaan offer. Een ding moet ons egter onthou. Gehoorsaamheid bring altyd die hand van die

Here in beweging. Maar dan moet dit volle gehoorsaamheid wees, want gedeeltelike gehoorsaamheid is in der waarheid ongehoorsaamheid. Daarom is dit uiters noodsaaklik vir ons om mooi te luister na die Here se wil vir ons lewe en daarin aan Hom gehoorsaam te wees.

Here, ek wil geen kompromie aangaan met dit wat ek weet U van my verwag nie.

Aantekeninge: